# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 24 September 2023

### 09:30 OGGENDEREDIENS:
### Ds. Daan Bakker

Die lente roep elkeen van ons na buite om onder die hemelkoepel te gaan staan en in te neem en waar te neem wat ons met al ons sintuie van die natuur beleef. Sien, hoor, voel, ruik en proe die natuur. God het die hemelkoepel soos 'n tendoek oopgespan oor die aarde en alles daaronder is deur Hom en vir Hom en tot Hom geskep is. Hy het Sy skepping lief en Hy geniet van Sy skepping en verlustig Hom in alles wat Hy geskape het.

God het jou as sy kind in die skepping geplaas om net soos Hy jouself te verlustig in die skoonheid en wonders van die skepping en 'n loflied tot Sy eer te sing. Geniet die lente want dit verkondig sonder woorde die Grootheid van die Lewende God.

**Tema: Die lente bring jou tot lof en 'n enkele versugting.**

**Ontmoetdingsdiens**
Intreelied Lied 464: 1, 2, 3; Votum en Seën; Lofsang Ps. 145-1: 1, 2, 11, 12; Belydenis: 12 Artikels

**Verootmoedingingsdiens**
Wet uit Eksodus 20: 8-11; Deut 5: 12-15; Heidelbergse Kategismus Sondag 38; Sing Ps. 19-1:1, 2, 4; Gebed

**Woorddiens**
Skriflesing: Psalm 104:1-35 Genesis 1: 3, 5, 7, 9, 12, 16, 21, 25, 26 en Genesis 2:3
Teksverse: Psalm 104:1a en 30, 31
Woordverkondiging

**Antwoorddiens**
Stilgebed / Gebed; Diens van Barmhartigheid by die deure; Sing Lied 212: 1, 2, 3; Seën; Amenlied Sb. 13-3.

### 18:00 AANDEREDIENS:
### Ds. Pieter van der Walt

Johannes gee so 'n mooi en treffende beskrywing van ons kindskap en van God se liefde oor sondaars en in die proses laat hy die pendulum swaai tussen die hede en die toekomstige: dit wat ons nou is en dit wat ons sal wees. God se liefde en genade oor sondaars is onbeskryflik groot!

**Tema: Die wonder van God se liefde! Sien dit raak!**

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied: Ps. 105-1:1, 2; Votum; Seën; Sing Sb. 2-4:1, 2;

**Verootmoedigingsdiens**
Gebed

**Woorddiens**
Skriflesing: 1 Johannes 2: 28 tot
1 Johannes 3:10
Teksverse: 1 Johannes 3: 1-3
Sing Sb. 5-4: 2, 3, 5, 6

**Antwoorddiens**
Dankgebed; Kollekte by die deure; Sing Ps. 134-1: 1, 2, 3; Amenlied: Sb. 13-2.

## MEELEWING

- Huib van Hamburg is tuis en geen verdere behandeling is nodig nie. Ons is regtig saam met hom en Estelle baie dankbaar.
- Elsa Coetzee het ‘n ooroperasie ondergaan en sterk tuis aan. Oom Johan het akute nier- en blaasinfeksie opgedoen en sterk tuis aan.
- Annatjie Vermeulen se chemoterapie moes eers gestaak word om ander behandeling te doen. Ons bid dat hierdie nuwe behandeling goeie vrugte sal oplewer.
- Emily Hefer se gesondheid het baie verswak en ons bid haar en Ig baie sterkte toe.
- Jan Schutte was in die hospitaal vir toetse. Hy wag op uitslag daarvan.
  Hulle kleinkind van 7 maande is ook ernstig siek en ondergaan breintoetse.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Rita Schutte, Hannatjie du Plessis en Andries du Plessis.

## ONS GROET “TYDELIK” VIR

Ds. Koos en Wendy Mouton vertrek met attestaat na GK Ventersdorp waar hy al vir die afgelope twee jaar hulpdiens verrig en DV volgende jaar sy werk voortsit. Vir sy deelname aan kerklike vergaderings is dit nodig dat hy ‘n lidmaat van die gemeente moet wees en daarom skuif hulle attestaat daarheen. Hy bly emeritus van GK Potch-Oos en DV sodra sy hulpdiens in GK Ventersdorp klaar is, keer hulle as lidmate terug na ons gemeente. Ons is dankbaar dat hy nog op hierdie wyse by bedieningswerk betrokke kan wees en bid hulle alle seën toe.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:30 Oggenderediens
Geen Kleuterbediening
Geen Katkisasie
Tee en koffie
18:00 Aanddiens

**Maandag**
Openbare Vakansiedag

**Dinsdag**
06:00 Manne-Ondersteuningsgroep
Geen Katkisasie gr 8 - 10

**Woensdag**
10:00 Amandelbloeisels
Geen Katkisasie gr 11
18:30 Elim-Bybelstudie

**Vrydag en Saterdag**
Kinderfees voorbereiding

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en GKSA Sustentasie (Klein boks) Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir ons eie Diakonie.

• Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
• Diensbeurte: Groep 22 en 23.

**VERJAARSDAE**

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 24 September**
Sr Gretha Joubert
Br Willie Pieters
Sr Carolina Sharpley

**Maandag, 25 September**
Sr Rachel vd Westhuizen

**Dinsdag, 26 September**
Br Brandon Krause
Sr Elma Leijenaar *
Sr Willemien v Rooyen

**Woensdag, 27 September**
Sr Mariana du Plessis *
Sr Kitty Kruger *
Sr Susan Opperman

**Donderdag, 28 September**
Sr Willemien du Plessis
Sr Delene vd Walt *

**Vrydag, 29 September**
Sr Nadia Traut
Jsr Caitlyn vd Walt

**Saterdag, 30 September**
Br Altus Blom
Sr Ingrid de Jong

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

**"GRIEFSHARE" - NUWE SIKLUS BEGIN OP 15 OKTOBER**

Ons bediening aan lidmate wat geliefdes aan die dood afgestaan het en wat daarop gemik is om hulle te help om die verlies te verwerk, word op Sondag, 15 Okt, hervat. Dit behels 'n weeklikse videokursus (13 weke) met 'n handboek wat elke deelnemer ontvang en deurwerk. Die kursus berus op Bybelse beginsels vir rouverwerking, toegepas met die hulp van pastorale beraders en gelowige sielkundiges. Kontak asb vir Mariana Plotz indien jy belangstel by 082 456 8023. **Nooi gerus ook mense van buite die gemeente wat dalk die behoefte sou uitspreek.**

**AMANDELBLOEISELS – 27 September**

Dit is weer lente! Kom wees vrolik en geniet iets uit jou kinderjare. Ons gaan 'n lekker nostalgiese konsert hou waar elkeen van ons 'n kunstenaar is. Laat weet Ment (082 850 4989) voor Dinsdag 26 September wat jou item gaan wees sodat sy die program kan finaliseer. Die item kan enigiets uit jou grade jare wees soos 'n voordrag, sangsolo, blokfluitsolo, 'n voorlesing uit 'n gunsteling storie, twee grappies of selfs 'n insident wat 'n groot indruk op jou kindergemoedjie gemaak het. As jy nie iets uit daardie jare onthou nie, moet ASSEBLIEF nie wegbly nie en kom geniet die ander en mekaar se items. Na die konsert sal daar ook heerlike verversings wees. KOM GENIET N VROLIKE OGGEND!

**KINDERFEES 2 - 6 OKT 2023**




Ons is sterk besig met die bemarking van die Kinderfees op sosiale media! HELP ONS ASB HIERMEE. Gaan kyk na ons "Potchefstroom Kinderfees" Facebookblad, klik op die "Volg"-skakel en deel ons blad met mense op jou sosiale media. Dit is baie effektiewe bemarking! Ons gaan ook vir lidmate die bemarkingspamflet WhatsApp en vra dat julle dit stuur na vriende met laerskoolkinders.

## KERSMARK 2023

Glo dit of nie - ons is reeds hard besig om hierdie jaar se Kersmark te beplan! Ons benodig dames wat bereid is om lap-voerings te help maak wat ons binne-in ons Inkopiemandjies (30) wil sit, sodat kleiner items nie deurval wat kopers daarin pak nie. Dankie vir Carina Coetsee wat vir ons die inkopiesakke wat stukkend is, herstel. Kontak asb vir Mariska vd Walt by 078 101 6262 indien jy kan help.

## DIE KERKBLAD

Beskikbaar in die voorportaal van die Skuur, vir lidmate wat daarop ingeteken is.




## DATUMS OM TE ONTHOU!

### DANKBAARHEIDSFEES – 28 OKTOBER

Die Diakonie nooi die hele gemeente nou reeds uit na 'n heerlike fees, Saterdag 28 Oktober! Ete sal vroeg gereed wees en daarna kan ons die Wereldbeker eindstryd saam kyk!
Soos vorige jare benodig ons weer skenkings, skakel Riaan vd Walt (082 784 9215) as jy hiermee kan help.

### GEMEENTEKAMP: 8-10 DESEMBER

Hou solank hierdie datum oop om weer lekker saam te kamp! Almal is welkom! Kontak gerus vir Marlise Styger indien jy belangstel om saam te gaan.
Marlise – 083 655 8145

## GKSA-NUUS

Beroep aanvaar
Ds D (Dirk) Kotzee van GK Pretoria-Alkantrant na GK Nelspruit as medeleraar.

## KENNISGEWINGBORD

GK- Potchefstroom Die Bult: Kuierkombuis Aardklop - 3 tot 7 Oktober. Ondersteun hulle gerus tydens Aardklop.

## HULP AAN JOHAN EN ROMA VISSER SE DOGTER VIR ELEKTRIESE ROLSTOEL

Johan en Roma Visser se dogter, Selouna, is as jong kind gediagnoseer met spinale spieratrofie en het reeds op 7-jarige ouderdom haar vermoë om te loop verloor en maak permanent gebruik van 'n elektriese rolstoel. Sy is nou 28 jaar oud en werksaam by die NWU. Die huidige elektriese rolstoel is opgebruik en 'n nuwe een kos R430 000-00. Enige iemand wat graag 'n bydrae wil maak is welkom om Selouna te kontak by 083 563 1657.

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!





# SUSTERS

ROM. 1:16 "EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS 'N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Marlise Styger en groep 8, Corné Geyer en groep 17, Riekie Storm en groep 26, asook Hannie Niemand en groep 34.

## KANSA-PROJEK

*Liewe suster, soos jy reeds weet ondersteun ons gemeente jaarliks vir KANSA. Ons wil steeds hierdie jaar probeer om hulle te ondersteun. Indien jy, familie of vriende tot hierdie projek wil bydra kan jy gerus jou donasie aan die kerk oorbetaal met verwysing "KANSA" sodat ons weet om die geld aan hulle oor te betaal. Daar is ook koevertjies in die voorportaal beskikbaar, spesiaal vir KANSA-bydraes!*

## KWARTAALPROGRAM

| DERDE KWARTAAL | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **DATUM** | **DAG** | **TYD** | **WIE** | **WAT** |
| **Sept - 29 Okt** | **-** | **-** | **Almal** | **Kansaprojek** |
| 2-6 Okt | Week | 10:00 en 12:00 | Almal | Kinderfees |
| **24 Okt** | Dinsdag | 18:30 | Blok C | Potch-Oos Sustersafsluiting |



# Oosdoppertjie-Jeugbediening

### 1. Erediens Kinderblad

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom! Die erediens is ‘n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.
Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal ‘n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

### 2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug ’n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur ’n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening is welkom om Marlise te kontak.
Kontakpersoon: Marlise Styger (marlise.venter@gmail.com of 083 655 8145)

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

### BANKBESONDERHEDE

**Geref. Kerk Potchefstroom-Oos**
ABSA Bank
Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 632-005

**Diakonie**
ABSA Bank
Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 632-005

**Susters**
Capitec Bank
Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470-010